



AFRIKA PERDESIEKTE

Gereelde vrae en antwoorde

1. Wat is Afrika-perdesiekte?

Afrika-perdesiekte is 'n ernstige perdesiekte wat deur 'n virus veroorsaak word. Simptome sluit die volgende in: Koors, swelling van die kop en nek, asemhalingsprobleme, skuim en bloed wat uit die neusgate kom en dikwels die dood.

2. Waar kom Afrika-perdesiekte voor?

Afrika-perdesiekte is endemies in baie dele van Afrika suid van die Sahara, insluitend die grootste deel van Suid-Afrika. In die Wes-Kaap is daar 'n Afrika-perdesiekte-vrysonne binne die Stad Kaapstad, wat omring word deur 'n toesigsone en beskermingsone waar Afrika-perdesiektebeheermaatreëls in plek is om die siekte uit hierdie sones te hou. 'n Kaart van hierdie sones kan by www.myhorse.org.za besigtig word.

3. Hoe versprei Afrika-perdesiekte?

Afrika-perdesiekte word tussen perde versprei deur muggiebyte. Uitbrake vind dus meestal plaas wanneer daar water is vir muggies om in te broei en die weer relatief warm is in die herfs en lente. 'n Nuwe uitbraak kan in 'n gebied voorkom as gevolg van 'n besmette perd wat na daardie area verskuif is. Plaaslike muggies kan dan die virus tussen perde versprei.

4. Kan mense of ander diere Afrika-perdesiekte kry?

Perde, muile en donkies word almal deur Afrika-perdesiekte aangetas. Zebras kan met die virus besmet word, maar toon nie kliniese tekens van siekte nie. Honde kan ook siek word met Afrika-perdesiekte as hulle vleis van 'n besmette perd gevoer word. Ander diere en mense word nie deur Afrika-perdesiekte geraak nie.

5. Hoe skuif ek my perd in of binne die Wes-Kaap?

Daar is baie regulasies vir beweging van perde binne die Wes-Kaap, afhangende van watter sones hulle in of uit beweeg, die tyd van die jaar en die voorkoms van Afrika-perdesiekte gevalle in hul gebiede van oorsprong. Gaan na www.myhorse.org.za vir 'n omvattende gids tot perdebeweging en om aansoek te doen vir 'n bewegingspermit.

6. Kan ek my perd inent?

Dit is verpligtend om jou perd in te ent as dit in die besmette sone of die beskermingsone woon. In die Toesigsone en die Vrysonne word inenting van perde nie sonder amptelike toestemming toegelaat nie. Aansoeke om inenting moet gedoen word deur die vorm by www.myhorse.org.za te voltooi. Inenting van perde moet elke jaar tussen 1 Junie en 31 Oktober plaasvind en 'n geregistreerde entstof moet gebruik word. Tans is die enigste geregistreerde entstof in Suid-Afrika 'n lewende entstof wat deur Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) vervaardig word, wat in twee dosisse, drie weke uitmekaar, toegedien word.

7. Hoe anders kan ek my perd beskerm?

Perde kan teen muggiebyte beskerm word deur hulle tussen skemer en dagbreek te stal wanneer muggies op hul aktiefste is, perde gereeld te spuit met 'n insekweerder wat DEET bevat, asook om perde weg te hou van nat en moerasagtige gebiede. Muggiebevolkings op 'n eiendom kan verminder word deur van staande water ontslae te raak. As jy tekens van Afrika-perdesiekte waarneem, kontak jou veearts so gou as moontlik. Daar is geen spesifieke behandeling vir Afrika-perdesiekte nie, maar met ondersteunende behandeling kan sommige perde herstel.



KONTAKBESONDERHEDE:

TITEL	KONTAK NR	E-POS	ADRES
Staatsveearts: George	044-803-3771/0	SVGeorge@ westerncape.gov.za	4 Varing Avenue, George
Staatsveearts: Boland	021-808-5028/ 5253	SVBoland@ westerncape.gov.za	Western Cape Department of Agriculture building, Muldersvlei road, Elsenburg
Staatsveearts: Swellendam	021-808-5059/ 028-425-4850	DOA.svswellendam@ westerncape.gov.za	67 Voortrekker St, Swellendam
Staatsveearts: Beaufort West	023-414-9220/1	DOA.svbeaufortwest@ westerncape.gov.za	Blyth St, Beaufort West
Staatsveearts: Vredendal	027-201-3514/-0	DOA.svvredendal@ westerncape.gov.za	Cnr Matzikama and Noord St. Vredendal
Staatsveearts: Malmesbury	022-433-8915/0	DOA.svmalmesbury@ westerncape.gov.za	Cnr Spoorweg and Munisipale St, Malmesbury
Staatsveearts: Oudtshoorn	044-203-9443/5	DOA.svoudtshoorn@ westerncape.gov.za	43 Van Der Riet St, Oudtshoorn
Staatsveearts: Worcester	021-808-5052	DOA.svworcester@ westerncape.gov.za	30 Van Arckel St, Worcester

